Droomdraers
WAAR HOOP
DIE TOEKOMS ONTMOET
NOORDELIKE SINODE
18 - 22 OKTOBER

Waarmee gaan ons huis toe?

Lourens Bosman – 22 Oktober 2026

1

Samevatting en "Waarmee gaan ons huis toe?

2

Wat doen Geestelike Leiers?

Lei die gemeente om in pas te kom met die bewegings van die lewende God

3

Opsommend

1. Christus en die evangelie moet die kerk se identiteit en optrede bepaal.
2. Herlewing is geestelike vernuwing wat in veranderde lewens sigbaar word.
3. Die kerk se beeld verbeter wanneer haar liefde vir die wêreld sigbaar word.
4. Die gewone lidmaat is die belangrikste draer van die kerk se daaglikse getuienis.

4

Opsommend

5. Daar bestaan ’n gaping tussen die plaaslike gemeente en die groter kerkverband.
6. Die kerk moet nuwe generasies en veranderende gemeenskappe beter verstaan.
7. Die kerk moet verander sonder om haar identiteit prys te gee.
8. Die gesprekke moet in meetbare, gesamentlike optrede uitmond.

5

Die NG Kerk se toekoms word nie in die eerste plek bepaal deur hoe suksesvol sy haarself in stand hou of haar beeld bestuur nie, maar deur hoe getrou sy haar identiteit in Christus uitleef en aan God se sending in die wêreld deelneem.

6

Twee Geloofsonderskeidende Raamwerke

7

<u>Gemeentekultuur en klimaat.</u>
"Culture eats strategy for breakfast"

Wat is ons waardes?
Hoe gesond is ons?
- Luister en geloofsonderskeiding
- Hoe neem ons besluite?
- Hoe werk ons met mekaar?
  Konflik, mislukkings, hiërargie en mag.

Gewoontes
- Wat is die dinge wat ons vanselfsprekend doen?
- Wat is die verwagtings van die dominee, KR en gemeente?

1. Wie is God en wat is God besig om te doen?

2. <u>Waar is ons nou?</u>
Waar kom ons vandaan?
Hoe lyk die gemeenskap om ons?
Hoe lyk die gemeente?
Hoe gebruik God ons reeds?

3. Waarvoor roep God ons?

4. <u>Wat doen ons eerste?</u>
Strategiese vraag
2/3 dinge wat ons ons nou vorentoe sal vat

5. <u>Hoe doen ons dit?</u> (uitvoering)
Projekte en programme: geld, tyd, gemeenteprogram, fasiliteite, watter mense/spanne, leiers kommunikasie.

8

Geloofsonderskeiding met die Luistersiklus

9

Luister na die Gees



10



11

1. Wie is God en hoe is God aan die beweeg in die wêreld?

Jesaja 46, Esegiël 33 Dieselfde gebeure, die wegvoering na Babel, word verskillend onthou deur die mense in Jerusalem en dié in Babilonië. Albei groepe dink hulle is regverdig.

i. Herinnering en onderskeiding: Dieselfde geloofsverlede kan verskillend vertolk word. In Esegiël ontmasker die beroep op Abraham selfversekerde aansprake, terwyl die herinnering aan Abraham en Sara in Jesaja 'n klein, moedelose gemeenskap bemoedig.

ii. Verbondstrou en geregtigheid: Afkoms en getalle waarborg geen aanspraak op God se beloftes nie. Geweld, afgodery en uitbuiting weerspreek verbondstrou.

iii. Hoop op God se trou: God se roeping en handeling vorm die onderbou van die geloofsgemeenskap se toekomsverwagting. Sy troue liefde bly die anker van hoop, ook te midde van verlies en onsekerheid.

12

2. Wie is God en hoe is God aan die beweeg in die wêreld?

Esegiël 47:1-13, 22-23

Die stroom wat uit die tempel vloei en al dieper word. Die woestyn word 'n tuin, daar is visse en boerdery, selfs die Dooie See word vars!

13

3. Wie is God en hoe is God aan die beweeg in die wêreld?

- **Johannes 4: Groepe wat onder druk is, vorm dikwels 'n geslote gemeenskap.**
- **"Paining it forward." Doen aan ander wat aan hulle gedoen is.**
- **Jesus maak aanbidding los van enige tempel. Jesus self is die openbaring van God.**

Jesus ken die vrou se broosheid, maar tog aanvaar Hy haar.

Sy gaan roep ander mense uit die dorp.

14

Wat het jou uit die Woord getref oor wie God is, wat Hy doen en hoe Hy in die wêreld beweeg?

Hoe ontwrig of bevestig die Gees jou?



15

Gemeentekultuur en klimaat.
"Culture eats strategy for breakfast"

Wat is ons waardes?
Hoe gesond is ons?
- Luister en geloofsonderskeiding
- Hoe neem ons besluite?
- Hoe werk ons met mekaar?
  Konflik, mislukkings, hiërargie en mag.

Gewoontes
- Wat is die dinge wat ons vanselfsprekend doen?
- Wat is die verwagtings van die dominee, KR en gemeente?

1. Wie is God en wat is God besig om te doen?

3. Waarvoor roep God ons?

2. Waar is ons nou?
Waar kom ons vandaan?
Hoe lyk die gemeenskap om ons?
Hoe lyk die gemeentes?
Hoe gebruik God ons reeds?

4. Wat doen ons eerste?
Strategiese vraag
2/3 dinge wat ons ons nou vorentoe sal vat

5. Hoe doen ons dit? (uitvoering)
Projekte en programme: geld, tyd, gemeenteprogram, fasiliteite, watter mense/spanne, leiers kommunikasie.

16

2. Waar kom ons vandaan en waar is ons nou?

Waar kom ons vandaan?

Wat sê dit oor ons?

Hoe lyk die gemeenskap om ons?

Hoe lyk die NGK en gemeentes?

Hoe gaan die gemeenskap en die gemeente aanhou verander op pad na 2050?

Hoe gebruik God ons deur die eeue en nou?

17

Waar kom ons vandaan? (JvdM)
Swaai agtertoe om vorentoe te kan swaai

1. Die kerk in pioniersomstandighede: Wanneer vir die eerste keer iets vir die eerste keer doen.

Jan van Riebeeck; Franse Hugenote, Groot Trek, die Boererepublieke, ons lidmate in die buiteland

2. Herlewing bring nuwe lewe: 1861 - begin van Pinksterbidure in die Paarl, 1974 - Jeug-tot-Jeug Aksie; herlewings tans buite NGK.

3. Die NGK in die smeltkroes van die oorlog. Anglo-Boereoorlog; Grensoorlog

4. Die NGK uitgedaag deur armoede: armblanke vraagstuk, Volkskongresse, begin van maatskaplike werk.

5. NGK op 'n nuwe pad: Afskeid van apartheid, Kerk en Samelewing (1986), Rustenburg-belydenis, onderhandelinge tussen Nelson Mandela en Constand Viljoen,

6. Covid 19-pandemie: NGK agter slot en grendel.

18

Opsommend

Die verlede herinner ons aan God se trou, die hede roep ons tot gebed en gehoorsaamheid, en die toekoms vra pioniersmoed. Ons is nie geroep om die kerk deur eie krag in stand te hou nie, maar om beskikbaar te wees vir God se werk.

Herlewing begin waar gelowiges weer saam bid, hulle fokus op Christus hernu en onder leiding van die Heilige Gees met geloof en moed die evangelie uitleef. Die kerk se verhaal is nie afgehandel nie; God roep ons om steeds nuwe gestaltes van sy koninkryk te skep.

19

Wat hoor ek uit die Kerk (Nioma Venter)

1. As ons mense weer opgewonde oor die kerk wil maak, moet ons met hulle praat oor God
2. Waarvoor staan die NGK, wat het ons? Goeie gereformeerde teologie (en ander goed ook)
3. Saam is ons sterker, verskille hoef nie altyd opgelos te word nie, eerder bestuur word.
4. "Wat sê die Kerk hieroor?" Wie wil weet? Daar is mense wat stokke soek om die NGK mee te slaan.
5. Dominees wat sê: Ek is dankbaar om 'n NGK dominee te wees

20

Refleksie (JvdM)

Ons leef weer in pioniersomstandighede

Om gereformeerd te wees, beteken dat ons voortdurend reformeer en aanpas

God lei en regeer deur sy Gees

Die belangrikste amp is die amp van geloige

Don't underestimate God. God is a God of surprizes

As ons praat van LEEF: Just do it.

21

2. Waar kom ons vandaan en waar is ons nou?

Wat het jou getref uit Johan vd Merwe se aanbiedings, uit die analise van die SA situasie en by mekaar om die tafels?

Waar kom ons vandaan?

Wat sê dit oor ons?

Hoe lyk die gemeenskap om ons?

Hoe lyk die NGK en gemeentes?

Hoe gaan die gemeenskap en die gemeente aanhou verander op pad na 2050?

Hoe gebruik God ons deur die eeue en nou?

22

Hoe ontwrig of bevestig die Gees die Gees jou?



23

Terugvoer -

Wat het julle gesê oor toekomstige vorme / modelle van die NGK?

24

Verbeel:
vyf gemeentes in 2050

Terugvoer oor die sessie Toekoms van Gemeenskap

Noordelike Sinode · 20 Oktober 2026



25

Christianity has a liquid shape

26

Wat ons saam gedoen het

Vraag 1

Gemeenskap 2050

Ysberg: opskrifte, rolspelers, sisteme, mites

↓

Vraag 2

Geloofsgemeenskap in 2050

Kaart: naam, God se teenwoordigheid, leierskap, byeenkomste

30 tafels

25 ysbergvelle

20 opnames

24 kaarte

27

27

Wat ons verwag: vyf aannames oor 2050

	Aantal bronne /28	
'n Radikaal diverse gemeenskap	22	*Dit beteken dat ons 'n totale diverse gemeenskap het.* Tafel 17
Digitaal verbind, persoonlik geïsoleer	23	*Ons gaan al hoe meer begin staatmaak op tegnologie en minder op mense.* Tafel 18
Armer, ongelyker, en sisteme wat faal	17	*... vertrou niemand sisteme nie, want sisteme het misluk.* Tafel 4
Klein gemeenskappe moet self	17	*"Ons moet self, anders gaan niemand nie."* Tafel 28
'n Kleiner kerk met groter verwagtinge	21	*KERK met 'n BAIE groter voetspoor* Tafel 27

28

28

Van verwagting na beelde van die kerk

Ons verwag	Ons sien die kerk · aantal tafels /21	
Armer en ongelyker	Kerk aan die werk	14
Radikaal divers	'n Oop tafel	14
Kleiner kerk	Elke lidmaat 'n bedienaar	12
Digitaal en geïsoleer	Klein en verhoudingsgerig	11
Klein gemeenskappe moet self	Aansluit waar God reeds werk	19

29

29

Gemeente 1 in 2050

Kerk aan die werk

Dinsdagoggend is die kerkterrein die buurt se werkswinkel

14 / 21

tafels beskryf hierdie beeld

- Kospakkies en 'n groentetuin
- Slaggate geteer
- Kinderhuis, ouetehuis, skool
- Werk saam met sosiale instansies

Ons verwag (Fase 1)

> *Ons dink aan armoede, veral met die stygende pryse. Ons weet natuurlik dat die kerk 'n helpende hand is.*
>
> Tafel 7 · terugvoer

→

Ons sien die kerk (Fase 2)

> *Kerk gaan die versorgers wees op alle gebiede, sosiale en ekonomiese omstandighede.*
>
> Tafel 7 · kaart

30

30

Gemeente 2 in 2050

God se Oase

"Kom soos jy is"

14 / 21

tafels beskryf hierdie beeld

- 'n Taal wat almal verstaan
- Afrikaans én Engels
- Leiers lyk soos die buurt
- Ronde tafels, toeganklik

Ons verwag (Fase 1)

… kerk as 'n oase, totale inklusiwiteit, almal is welkom …

Tafel 2 · terugvoer

→

Ons sien die kerk (Fase 2)

Inklusief waar almal 'n plek of tuiste het – 'n "mekaar" gemeenskap.

Tafel 2 · kaart

31

31

Gemeente 3 in 2050

Droomdraers

"Klein, maar getrain"

12 / 21

tafels beskryf hierdie beeld

- Predikant rus toe
- Tentmakers en leke-predikers
- Elkeen gebruik sy gawes
- Plat struktuur

Ons verwag (Fase 1)

… dink ons die kerk gaan kleiner wees, maar klein maar getrain.

Tafel 15 · terugvoer

→

Ons sien die kerk (Fase 2)

Almal kan leiers wees (nie net predikante nie)

Tafel 12 · kaart

32

32

Gemeente 4 in 2050

Padgenote

Kerk om die etenstafel

11 / 21

tafels beskryf hierdie beeld

Klein groepe in huise

Saam eet en kuier

Erediens nie die middelpunt

Fisies, nie digitaal

Ons verwag (Fase 1)

> *Kerk se grootste taak gaan wees om te werk en bou aan persoonlike verhoudings*
>
> Tafel 7 · ysbergvel

→

Ons sien die kerk (Fase 2)

> *Eredienste is nie meer die middelpunt nie*
>
> Tafel 15 · kaart

33

33

Gemeente 5 in 2050

Spoormakers

Ons gaan waar God reeds werk

19 / 21

tafels beskryf hierdie beeld

Luister eers na die buurt

In plaaslike netwerke

Roeping by die werk

Stories van wat God doen

Ons verwag (Fase 1)

> *In a world that's ever changing, some things stay the same.*
>
> Tafel 15 · ysbergvel

→

Ons sien die kerk (Fase 2)

> *Orals, altyd, Missio Dei*
>
> Tafel 15 · kaart

34

34

Watter een van hierdie moontlikhede praat met jou hart?
(Of dalk by 'n mengsel van meer as een?)

1. **Kerk aan die werk** - *Dinsdagoggend is die kerkterrein die buurt se werkswinkel*
2. **God se Oase** - *"Kom soos jy is"*
3. **Droomdraers** - *"Klein, maar getrain"*
4. **Padgenote** - *Kerk om die etenstafel*
5. **Spoormakers** – *"Ons gaan waar God reeds werk"*

35



36

3. Hoe hoor jy / julle God se roeping vir julle gemeente?

37

3b. As jy aan hierdie roeping dink, **hoe ontwrig of bevestig die Gees** jou?



38

Deel die roeping wat elke gemeente hoor, met die ringskollegas.

39



40

4. Wat doen ons eerste?

1 of 2 dinge wat julle nou kan doen wat julle nader sal bring aan God se voorkeurtoekoms vir die gemeente

41

Deel hierdie 1 / 2 dinge met die ringskollegas

42

Vir die RING:

1. Waarvoor het ons mekaar nodig?
2. Hoe gaan julle mekaar aanspreeklik hou?

"Ek gee jou / julle toestemming om my oor 4 maande (Februarie 2027) te mag vra hoe vorder ek / ons in die realisering van God se roeping."

43





44

Ons bid vir mekaar

45

Sluit af met Vonkk 219

46

Vonkk 219   Wat die toekoms ook mag inhou

1.
Wat die toekoms ook mag inhou,
wat daar alles wag op my,
kan ek aan U, Here, vashou,
want U sal my altyd lei.
Leer my, Vader, sonder vrae
U te volg as onweer woed.
Leer my, Here, sonder klae
U te loof, want U is goed.

47

2.
Ek wil sing van al u liefde,
liefde ver bo my verstand.
Dankie, Vader, vir genade,
al die goedheid uit u hand.
Lyk die toekoms dikwels duister,
vra ek soms ook: “Waarom, Heer?” –
weet ek, ek sal fyn moet luister
wat U, Heer, vir my wil leer.

48

3.
Wat die toekoms ook mag inhou,
hoe onseker alles is –
ek sal altyd aan U vashou,
omdat U my Vader is.
Lei my soos 'n kind wat soekend
in die donkerte moet loop.
Hoor my, Vader, as ek roepend
in my nood op U bly hoop.

49

Om saam verder te dink

By watter van die vyf gemeentes is ons reeds op pad?

1 Watter aanname wil ons nie hê nie, en hoe lyk kerk as dit tog gebeur?

2 Geen tafel sien 'n digitale kerk nie. Keuse of blinde kol?

3 Klein, maar getrain: wat is die predikant se werk?

4 Wie se stemme moet by die volgende gesprek wees?

50

50

Vrae uit die verslag van Taakspan Toekoms

1. As ons na ons gemeente se huidige bedieningspatroon kyk, is ons hoofsaaklik besig met die interne „werk" van die gemeente, of maak die gemeente ons dominee vry om as strategiese verbinder en fasiliteerder tussen die gemeente en die breër gemeenskap op te tree?

2. As ons kerkgebou môre sou verdwyn, wie in die wyer gemeenskap (buite ons lidmate) sou dit die meeste mis, en hoe kan ons ons fisiese bates herverstaan as missionale en gemeenskaps-infrastruktuur?

3. Met watter plaaslike vennoot (NGO, ander kerk, skool of besigheid) is daar op die oomblik die grootste potensiaal vir samewerking, en wat is die eerste konkrete saak waarrondom ons kan begin saamwerk?

4. Is daar vroeë waarskuwingstekens (soos in die siftingsraamwerk) oor ons volhoubaarheid wat ons ignoreer? Hoe kan ons proaktief na alternatiewe modelle van bediening kyk voordat ons finansiële bates uitgeput is?

5. Probeer ons gemeente tans programme en strukture in stand hou wat vir 'n veel groter gemeente ontwerp is, of is ons gereed om onsself te herdefinieer as 'n lewenskragtige kleiner gemeente met hoë lidmaat-eienaarskap?

51